Verwysing: 20200821-7600
Lêerno.: 3/3/1/4
Navrae: Inbelsentrum

Omsendbrief: 0027/2020
Vervaldatum: Geen

Aan: Alle Staatsdienspersoneel van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD)

Kort opsomming: *Die doel van hierdie omsendbrief is om alle staatsdienspersoneel van die WKOD in te lig oor die niebetaling van bonusse vir die 2019/2020-prestasiesiklus.*

Onderwerp: Personeelprestasiebestuur-en-ontwikkelingstelsel : Uitkoms van 2019/2020-siklus se prestasieassesserings

1. As land kom ons bes moontlik voor die grootste krisis nog te staan wat groot spanning op die staatskas plaas en uitermate groot druk op die begroting van die Wes-Kaapse Regering. Die ekonomiese impak op ons gemeenskappe het tot gevolg gehad dat baie van ons landgenote hulle werk verloor het, salarisbesnoeiings moes ondergaan en soms selfs nie kon bekostig om voedsel en basiese voorrade te koop nie.

2. Derhalwe het die provinsiale Kabinet 'n besluit geneem dat prestasiebonusse vir die 2019/20-prestasiesiklus nie aan werknemers van die Wes-Kaapse Regering betaal gaan word nie.

3. Ons erken dat daar talle amptenare is wat prysenswaardige en bevredigende dienste gedurende die 2019/20-boekjaar gelewer het. Ons vertrou dat amptenare nie deur hierdie besluit verontrus sal wees nie, maar die nodige begrip sal hê vir die finansiële druk waaronder die regering verkeer en die maatskaplike ontberings waaronder ons samelewing gebuk gaan.

4. Salarisvordering vir die 2019/20-prestasiesiklus sal aan alle kwalifiserende amptenare toegeken word sodra alle modereringsprosesse afgehandel en die aanbevelings goedgekeur is. Daar word verwag dat hierdie proses teen die middel van November 2020 afgehandel sal wees.

5. Ons vertrou dat amptenare sal aanhou om te verseker dat dienslewering aan ons kliënte voortgaan op aanvaarbare en toegewyde vlakke soos in ons verskeie prestasieooreenkomste weergegee word.

6. U begrip en ondersteuning in hierdie verband word hoog waardeer.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-09-15